Rus ons die gelowiges toe

“God is nothing but Mercy and Love.” —Thérèse of Lisieux

Rus ons die gelowiges toe

Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus (Efesiërs 4:12)

Rus ons gelowiges in die gemeente toe? Soms dink ons ons is besig daarmee net om agter te kom ons is besig om ‘n program te volg en nie die DNS van die gemeente te verander nie.

Daar is ‘n paat mites wat ons in gedagte moet hou:

Mite #1: Ons glo dat toerusting ‘n nuwe program of ‘n potensiële kerkgroei tegniek is. Toerusting is die vervulling van ‘n Bybelse roeping om ander te lei en vir bediening toe te rus.

Mite #2: Ons fokus op die ontwikkeling van doeltreffende gesonde bedienings voor ons doeltreffende, gesonde mense ontwikkel. Sodra ons toerusting beskou as ontwikkeling van bedienings plaas ons programme hoër as mense.

Mite #3: Ons glo dat toerusting die verantwoordelikheid van iemand anders is. Maak nie saak wat ons rol in bediening is nie, toerusting is ons verantwoordelikheid.

Mite #4: Ons glo dat om take te voltooi belangriker as mense is. Ons kan nie op ons te-doen lysie fokus terwyl ons nie die behoeftes van die persoon wat ons nodig het, hanteer nie.

Om ‘n leier wat ander toerus, te word, moet ons hierdie mites oorwin. Dit is ‘n reis waartydens ons voortdurend ons motivering en trots moet moniteer. Dit is ‘n uitdaging om te verseker dat ons motivering die uiteindelike sukses en groei van ‘n ander persoon is. In die proses moet jy nie naderhand meer van jou en jou planne as vir God se kinders omgee nie.